
# Eldo-Gespreksgids

## Genesis 2

Ons skop die nuwe kwartaal en semester af met 'n preekreeks met die naam "Groei", waar ons gaan kyk na die verskillende tuine wat in die Bybel genoem word. En die week begin ons by die tuin waar alles begin het: die tuin van Eden in Genesis 2:4b-15. Uit hierdie gedeelte leer ons (1) dat die tuin van Eden een van God se eerste skeppings dade was (2). Ons weet nie presies waar die tuin was nie, behalwe dat dit iewers "in die ooste" was. En (3) vanuit Eden, wat "vlakte, tuin, paradys, luuksheid en genot" beteken, het 4 riviere gevloei wat saam met hulle die landskap geseën het met vrugbaarheid, goud en edelgesteentes (dinge van "luuksheid"). Dit was waarlik 'n sprokieswêreld tuin.



En in hierdie nuutgeskape tuin het YHWH die mens geplaas. In hierdie splinternuwe, pragtige, "untouched" tuin. Dink net hoe dit sou wees? En dit is 'n gevoel wat ons ook al in ons lewe ervaar het, nie waar nie? Hierdie gevoel van 'n nuwe begin. Die nuwe hoofstuk wat vir jou voorlê wat jy kan aan skryf soos Adam en Eva hierdie nuwe tuin van Eden voor hulle gehad het wat hulle kon bewerk. So, wat is jou Eden? Wat ook al dit mag wees, gryp dit volstoom aan! Gaan voluit in alles wat jy daarin doen. Moenie terugstaan en dat die blaaie leeg omgeblaai word nie. Skryf jou storie soos wat jy dit wil hê. *Jy* bepaal jou eie storie, so gaan voluit "with no regrets"! Gebruik die grond in die Eden wat God oor jou pad geplaas het. So maak jou hande vuil, en bewerk die grond. Maar onthou, dit wat jy saai, dit sal jy maai. So wees versigtig wat jy plant. In hierdie nuwe fase of Eden wat jy betree, wees versigtig hoe jy optree. As jy onkruid saai sal jy onkruid maai, maar as jy gewasse of vrugtebome plant, sal jy dit ook oes, al vat dit bietjie langer om op te kom.



En as jy dalk bang is in hierdie nuwe Eden wat jy betree, nie weet wat om te verwag nie, onthou net, God is met jou. In Gen 13:10 en Jes 51:3 word Eden die "tuin van YHWH" genoem, wat beteken dit is YHWH se tuin. Hy is daar teenwoordig. En net so is Hy ook teenwoordig in jou Eden. Hy is met jou in hierdie nuwe fase of plek waar jy is of waar jy mag gaan. Inteendeel, as dit soos die tuin van Eden is, sal God jou seën soos hy die riviere van Eden ook geseën het; orals waar dit mag gaan, spruit daar vrugbaarheid en geluk. So, as jy naby aan God leef in sy tuin en doen wat hy van jou vra sal jy ook so geseën word waar jy ook al mag gaan in jou Eden. En as jy nie so nuwe hoofstuk het wat voorlê nie, onthou elke dag is eintlik ook 'n nuwe Eden. Elke dag begin mens op 'n nuwe blaadjie. So dink bietjie, hoe kan jy elke dag hierdie blaadjie inkleur of vol skryf? Hoe kan jy jou Eden so verander deur elke dag aan te pak as 'n nuwe geleentheid?

## Gespreksvrae

- Wat is jou "Tuin van Eden"? Die nuwe begin/fase in jou lewe wat jy betree of gaan betree?
- Ons sê dat jy die regte "plante" in hierdie nuwe tuin moet plant, wat sal hierdie regte "plante" wees? Hoe sou dit lyk?
- Hoe kan jy God betrek in jou nuwe "Eden"?
- Hoe kan jy elke dag uitleef as 'n nuwe "Eden"?